

6 Oktober Deuteronomium 32:1-12; Sagaria 2;1-13; (Teks: 2:8)

God se kinders is vir Hom baie kosbaar

Die kere wat God sy volk sy oogappel genoem het was op die vooraand van 'n baie moeilike tyd vir hulle.

In Moses se tyd was dit tydens die woestynreis en voordat hulle die beloofde land moes binnegaan. Hulle moes sonder 'n weermag 'n bewoonde land vol heidene inneem.

In Sagaria se tyd moes die volk, wat al vir dekades in ballingskap wag, terugkeer na die verwoeste beloofde land. Hulle moes hul sekuriteit verruil vir puinhope.

Maar in albei gevalle kom God se Woord om hulle te herinner dat hulle God se oogappel is. Dit beteken dat God sal hulle teen alle koste beskerm, net soos 'n mens jou oë knip om te keer dat hulle nie uitdroog en dat daar nie stof inkom nie. In sandstorms en droë wind sal God sorg dat hulle vogtig bly. En net soos 'n mens jou oë toemaak met jou hande of 'n sonbril of sweisbril, net so sal God by sy kwesbare volk in moeilike omstandighede wees. Soos 'n mens 'n vlieg voor jou oë wegwaai, so sal God die vyande voor sy oogappelkinders wegwaai.

Wat 'n innige troos vir alle gelowiges wat voor situasies te staan kom wat menslik gesproke te groot vir ons is.

Tog waarborg God nie dat ons ongeskonde anderkant uit sal kom nie. Maar dit moet ons onthou: God voel elke seerkry wat ons beleef. Die oog is die teerste en kosbaarste plek aan die menslike liggaam. En ons God is pynlik bewus van alle liggaamlike en geestelike pyn wat ons moet ly hier op aarde. Is jy siek, het jy pyne, ly jy onreg, moet jy 'n operasie ondergaan, word jy verwerp of verneder of ingeloop of rond gestamp deur ongevoelige en liefdelose mense? Wees verseker dat God dit ook voel.

Wat met die gelowige hier op aarde gebeur word tot in die hemel gevoel!

Dié onreg sal Hy vergeld. Hy sal nie sy oogappel prysgee nie.

Sing: Psalm 91:7

Ds. C.J.C. Roets (Witpoortjie)